

Pretoria- 8 Augustus 2010

**Skriflesing:** Esegïel 5

Teks: **Esegïel 5:5**

**Sing- SAMESANG:**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 122:1,2**

Broeder en suster, net hierdie woorde- *Dit is Jerusalem...* Daar sit iets agter hierdie woorde wat een Skrifverklaarder sy opskrif maak- **Die dolerende profeet...** Hierdie opskrif verklaar eintlik reeds wat onder dolering verstaan moet word- Daar is 'n toestand waaroor daar baie hartseer kom, daar word geweeklaag oor wat in Jerusalem aan die gang is.

\*\*\*

U sal onthou hoe Esegïel deur ten minste vier afsonderlike fases moes gaan, wat hom van alle kante die toestand in Jerusalem moes laat afbeeld. Alles het amper te eenvoudig begin, maar dadelik erken ons dat die werklike waarheid is nooit eintlik moeilik om raak te sien nie. Die groot waarhede moet altyd in hulle eenvoud tot ons spreek. Esegïel teken in eenvoud op 'n nat stuk klei 'n kaart van Jerusalem. Hierdie sketstekening wat eintlik as iets kinderlik ons moet aangryp. Direk daarna moet Esegïel 'n ysterpan voor hom hou en ons sal onthou hierdie het God se afskeiding van sy stad voorgestel. Erger as dit, hierdie het 'n afbeelding gevorm van hoe God die stad sal laat beleër.

Natuurlik het hierdie beleëring bittere gevolge gehad en het Esegïel dit ook moes afbeeld. Hy moet vir langer as 'n jaar op sy linkersy gaan lê, daarna nog weer vir 40 dae op sy regtersy. Die hele betekenis hiervan is eenvoudig weer dat elke dag se lê beteken vir die volk waaroor dit eintlik gaan 'n jaar se ballingskap. Vir jare het Israel moes weet die weg wat ons ingeslaan het, die Here sal ons straf, ons kom in die ballingskap oor ons eie selfgekose rigting. En die laaste wat die profeet moes doen, is om dan sy hare en baard wat ons maar kan aanvaar na die lang gelê dig begroei was, nie met 'n skeermes nie maar met 'n swaard af te skeer. Hierdie bondel hare en baard word mooi in drie verdeel, trouens dit word afgeweeg dat daar geen deel van die drie dele uit balans sou wees nie. Die eerste deel word verbrand, die tweede deel met die swaard nog fyner opgekap, die derde deel in die wind gegooi, wat natuurlik alles heenwys soos met die hare gebeur so sal met die mense in Jerusalem gebeur. Dit is Jerusalem. In alles wat Esegïel hier doen, ook in alles wat met Esegïel gebeur, dit is Jerusalem waaroor dit alles handel.

\*\*\*

So 'n kort beskrywing- **DIT IS JERUSALEM...** maar weet u geliefdes, daaragter is daar baie geweene en baie trane, die dolering oor Jerusalem is nie klein nie. Die Here doleer oor sy kerk, want wat Jerusalem toe was, is tog wat ons vandag nog weet die kerk van die Here. Kan ons oor Jerusalem uitgepraat raak, nee, broeder en suster, nie maklik nie! Die Jerusalem waarvan ons ook kon sing- *Jerusalem is goed gebou en glinster in die son se vlamme.* (Ps.122). Deut.16:2 word dit spesifiek genoem die plek wat die Here uitverkies het om sy Naam daar te laat woon. Vir Jerusalem is daar eintlik hoofstuk na hoofstuk en bewys na bewys wat het die Here nie alles vir Jerusalem wou doen nie. Dawid wat die stad wonderbaarlik kon bevry en opbou (vgl. 2.Sam 5:6 e.v.). In 2 Kon.19 lees ons hoe het die Here in die dae van Hiskia vir Jerusalem wonderbaarlik uit die hand van die Sanherib bevry het. Dit is nie vërgesog om te sê dat Jerusalem was die geestelike middelpunt van die wêreld gewees, juis vanuit Jerusalem wou die Here sy onderrig laat uitgaan, tot al die volke van die wêreld. Werklik goed saamgevoeg, gebou om die Here se heerlikheid te laat glinster, dat reisigers van vêr plekke juis na Jerusalem wou gaan, die Godstad en watter vreugde as hulle dan kon sing- *ons voete staan nou in jou poort, o Jerusalem...*). Ons sou uit die wonderlike wat die Here hier vir sy stad wou gee kon byvoeg en nogmaals byvoeg en niks sou oordrewe wees nie!

\*\*\*

Pretoria- 8 Augustus 2010

Hoe anders sou dit tog kon wees as ons op die Here se werk kon bly fokus in wat die Here vir die stad gedoen het, so baie dinge wat ons sou kon sê, DIT IS DIE WERK van die HERE. So groot, so omvangryk, so heerlik! Maar geliefdes, in die kern van wat ons Esegiël hoor uitroep, is dit God wat uitroep. Dit is Jerusalem, 'n bittere klag, kyk wat is oor na alles. Daardie bietjie haartjies in die soom van Esegiël se kleed agtergebly, dit wat Esegiël in sy slippe kon bind en ja selfs daaruit is ook nog verval, van daardie bietjie haartjies moet daar ook nog weer verbrand word. Dit is nog weer 'n vuur wat ná alles sal uitgaan in die huis van Israel (5:4).

Dit is asof ons die Here se trane hier sien val, want geliefdes, dit is die Here wat Self sê- *So sê die Here, HERE: Dit is Jerusalem. Ek het dit onder die nasies gestel en lande is daar rondomheen.* Aardrykskundig is dit waar, die Israel van God vorm inderdaad in 'n sekere sin die sentrum vanwaar alles strek. Mesopotamië na die ooste, Egipte na die weste, die Anatoliese ryke wat noordwaarts uitstrek, die Etiopiese en Arabiese kulture wat weer meer na die suide sou strek. Al sou hoe baie volke, nasies, kulture en tale hulleself ook wou plaas as die middelpunt van die aarde, bly dit in alle geval Jerusalem wat deur God in die middel geplaas was. Dit is nie mense wat hierdie stad gebou het, in der waarheid is die stad deur God gebou om te dien as middelpunt. God wat Self sê – *Ek het dit onder die nasies gestel en lande is daar rondomheen.* God verklaar die middelpunt, nie mense nie! Met die stad het God 'n doel wat nie maar sommer geïgnoreer kon word nie.

\*\*\*

As ons mooi dink dan gaan dit maar nog weer alles oor die verbond van die Here. Die verbond met Abraham het in Dawid ook gebly en die band tussen Abraham en Dawid is dat daar ook priesterlik 'n heilgdom in die midde sal kom, wat nie net koninklik en profeties God se werk vertel nie, maar Jerusalem moes priesterlik God in die midde van die nasies verteenwoordig.

Jerusalem moes eintlik soort van die priesterlike agent wees waardeur God wêreldryke wil ingaan. Hoor hoe besing Dawid in Psalm 72 hoe die Here deur die koning wil werk- juis by die kroningslied- dan sê hy in v.17- *Mag sy naam vir ewig wees; mag sy naam uitspruit solank as die son daar is! En mag al die nasies in hom geseën word, hom gelukkig prys.* Dit bly heeltyd sulke wonderskone taal, mooi dinge vir Jerusalem en die konings en die priesters en die profete daar toegesê, soos wat ons ook weet die Here ook vir die profeet Jesaja gewys het wat moet gebeur- Jes.42:6 en 49:6- Israel moet hierdie as verbond van die volk 'n lig vir die nasies maak. Die verbond moet die nasies kan belig- Net die wêreld om Jerusalem is te gering, want verwag die Here groot dinge wat juis vandaar moet gebeur- Jes.49:6- Die Here sê dan- *Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel....* Dan laat Jesaja ons hoor wat die Here juis vanuit Jerusalem sê- *Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die eindes van die aarde....* Moet nie in Jerusalem vasval nie, my Kneg, jy kan alleen my Kneg wees, as daar wyer gegaan sal word.

\*\*\*

Geliefdes- dit is reeds duidelik, die Here sê dit oor en oor, 'n kerk sonder sending, is nie kerk nie. Die dolerende profeet verteenwoordig God as hy waarlik nog profeet vir God is. Dit is Esegiël wat God dan laat sê – *Dit is Jerusalem...* Die vraag daaragter, Jerusalem wat het geword van dit wat jy moes wees?! Die Here het jou verkies, die Here se doel met Jerusalem was tog duidelik, ons het dit nou ook gehoor. Nou het die werklike doel van God se stad soos verskroei hare kon wegbrand, dit smelt eenvoudig weg as hare geskroei word in die vuur, dit het Esegiël gewys. Die inwoners kan soos hare in die wind ook wegwaai, dit het Esegiël

Pretoria- 8 Augustus 2010

ook gewys as jy dan nie op die regte manier die wêreld wil inbeweeg nie, dan sal God jou op 'n sware manier, deur die winde van die wêreld laat wegwaai.

Daardie bietjie hare wat daar sou oorbly, kan jy die doel sien van hoekom God alles in Esegïel met 'n wiel laat begin. Baie wiele, selfs wiele binne wiele. 'n Wiel se primêre funksie is beweging en vervoer, met 'n wiel moet daar beweeg word. 'n Wiel wat nie beweeg nie doen nie sy werk nie. Jerusalem moes eintlik die as wees van God se wiel, daardie middelpunt van die wiel, ja om dit dan so te sien, vanaf Jerusalem moes die speke as't ware die wêreld instrek. Die wiel wat moet draai, dit moes alles vanuit Jerusalem begin, maar broeder en suster, hoekom is daar hartseer, hoekom doleer die profeet, want dit is Jerusalem waarby die wiele van God se koninkryk deur die volk vasgeval het. 'n Wiel wat vasval, as dit waarlik om die koninkryk gaan, is nie meer God se wiel. Dit is nou Jerusalem se wiele!

\*\*\*

By wyse van hierdie voorbeeld sal die Here dan wys hoe het die wiele in Jerusalem gedraai. Daarom dat Jerusalem hulleself nou eintlik heeltemal vasgedraai het. Elke haartjie wat wegbrand of wegwaai, soos Esegïel dit wys, staan gebind aan Jerusalem en daar in Jerusalem is daar nou geweldige verwoesting. Uiterlik word hulle eintlik platgevee, weggebrand en weggewaai, maar weet u broeder en suster, die uiterlike verwoesting is maar net die gevolg van die innerlike verwoesting wat alreeds daar so groot was.

Die harte van die kinders van Jerusalem was reeds nie meer goed nie. Dan help dit nie 'n stad is uiterlik goed gebou en dit glinster selfs in die son se vlamme, dit lyk soos 'n stad op 'n berg, dit kan dalk selfs wees daar by die tempel op die Sionsberg, maar wat help dit alles. Dit is so 'n stad op 'n berg gebou, maar hy gebruik sy berge, hy gebruik sy Golgota nie om vandaar die lig te laat skyn nie, maar 'n stad kan ook sy berge gebruik alles behalwe om vandaar 'n lig uit dra. Jerusalem het sy berge, sy heuwel gebruik om die Messias te kruisig.

\*\*\*

Die Here gee van verse 5-17 dan 'n presiese uiteensetting waarom die stad waar die Koning wou troon, skielik geword het 'n stad waarbinne die duiwel huppel. Dit gaan oor die onreg wat daar plaasvind, hulle alledaags godsdienstige lewens word uitgewys. Die sondelys is lank. Dit kom ook al oor 'n lang tyd. In Jerusalem van alle plekke het die goddeloosheid en verhardheid en regsverkragting hoogty gevier. Tot by die tempel was daar in die voorhove altare gebou vir Baal, die god wat hulle wou vereer as die god van die son, maan en die sterre. Daar is beelde vir die Astarte-god die verfoeisel van die Sidoniërs in die hoogtes opgerig, en vir Kamos die verfoeisel van die Moabiete en vir Milkom die gruwel van die kinders van Ammon. Dit alles in Jerusalem. Die plek waar God die alleenreg moes hê, waar die Here sy Naam wou vestig, die plek waaruit die wiel van God se koninkryk, God se eer en heerlikheid die wêreld moes indra, Jerusalem moes die wêreld draai, nou het die wêreld Jerusalem gedraai- omgekeer- daar het gekom 'n verkeerde wiel binne die regte wiel. Nou draai die wiele almal verkeerd. In pleks dat Jerusalem sy lig die wêreld moes laat inskyn, maar nou het die wêreld sy duisternis oor Jerusalem laat toesak. Dit is Jerusalem, waarna die Here verwys, dit is meer as net 'n plekaanduiding, dit is nou die Jerusalem waar God nie meer wil wees nie.

\*\*\*

Die Jerusalem wat kulties 'n rein beeld wou voorhou, Levities rein gelewe, soos jy mag nie met feestye aan die liggaam van 'n dooie raak nie, jou sade mag jy nie deurmekaar saai nie, jou klere moet uit een stof geweef word, dit alles is reg, maar u sal onthou wat het Jesus hiervan gesê- ook van Jerusalem- *Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, maar julle wou nie!* Die mens wat die muggie uitsif maar dan die kameel insluk- dit kan gebeur broeder en suster, dit kan ook met ons gebeur.

Pretoria- 8 Augustus 2010

\*\*\*

Al waaroor ons as kerk dankbaar kan wees is daardie bossie hare in die soom weggele. Die uitverkiesing van God is al wat kon maak dat daar nog 'n kerk oorgebly het. Daar is eenvoudig niks anders wat ons kon red as die uitverkiesing van God nie en dan in besonder God se verkiesende genade wat in Jesus Christus ons die geregtigheid van God geskenk het. As dit nie was dat die soom van God se kleed ook ons lewens sou vul nie, dan sou ons by daardie soom nie kon uitkom nie. God is goed en Hy is regverdig. Daarom werk Esegïël, die dolerende profeet, met 'n swaard maar ook met 'n skaal. Die geregtigheid van God is in Christus Jesus tegelyk 'n gelyke maar ook 'n presies afgemete geheel. Die swaard en die skaal wat gelyk in Jerusalem sou werk is en bly die simbole van God se suiwere reg. Die Here werk nooit onregverdig nie. Hy is barmhartig, maar Hy is ook regverdig. So het God Hom ook in Christus geopenbaar. So openbaar God Hom nou nog deur sy Woord en Gees, die Woord wat Christus is, die Gees wat die Heilige Gees is.

\*\*\*

God wou Jerusalem die hoogtepunt maak, hulle die sentrum van die wêreld, die as van die wiel, die plek waar al die speke by moes uitkom, maar dan sou Jerusalem vir God ook die sentrum moes maak. Die gees van die wesens wat in die wiele moes wees wou God werklik die draaipunt van die lewe maak, maar broeder en suster, terwyl Jerusalem die hoogtepunt moes wees, het hulle die laagtepunt geword. Terwyl God die sentrum moes wees het hulle God eintlik deel van die vlaktes gemaak, die laagtes, so laag soos wat ons baie later sien Esegïël eintlik in 'n geweldige laagte die dood sien, 'n laagte gevul met doodsbeendere (Eseg. 37). Tog het God daar hom so 'n groot wonder laat sien, maar laat ons dit nie vooruitloop nie.

\*\*\*

Die dolerende profeet Esegïël laat ons beseef daar is niks wat God so kan oenteer as juis sy volk nie, as juis die kerk van die Here. Laat ons dit goed beseef die wêreld kan God nie eers so gruwelik oenteer as wat die kerk dit kan doen nie. Hoe kry die kerk dit reg? Op grond van dat dit wat die hoogste kan wees, baie keer die laagste daal. Daar kan in die kerk laer gedaal word as wat daar in die wêreld reeds laag gedaal is. Dit is hoe dit in Jerusalem was, waaroor God deur die dolerende profeet sê- *Dit is Jerusalem*.

Ons as 'n kerk wat bekend geraak het met die woord doleer, wat sê dit vir ons. Veldkamp het voor 1956 al sy kommentaar oor Esegïël geskryf, waar sy opskrif dan by hfst. 5 ook presies staan – *Die dolerende profeet...* Wat maak hierdie dolerende kerk hiervan? Laat ons beseef as dit maar ons is wat doleer en dit gaan nie vir ons om dinge waaroor die Here doleer nie, dan moet ons dit onmiddellik staak.

Ons moet werklik seker maak en nog weer vasstel wat is die dinge waaroor God doleer en dit dan bring en meet, ja weeg, deel dit werklik in by wat ons oor doleer. Is daar by ons werklik dolering oor die koninkryk se wiel wat nie na behore vanuit ons kerk die heidendom indraai nie. Doleer ons, treur ons werklik oor daar so 'n groot gebrek en traak-my-nieagtigheid is oor sending en evangelisasie. Treur ons werklik oor die verval en die heidendom hier reg rondom ons, of het ons met heeltemal ander dinge wat ons besig begin hou, alles behalwe met die dinge wat vir God werklik belangrik is. Hierdie kerk wat ook in die sentrum van hierdie stad is, Israel in die sentrum van die wêreld, sal dit ons werklik ruk as die Here sou sê- in plaas van- **DIT IS JERUSALEM**- die Here dan sê – Dit is die Gereformeerde kerk Pretoria...(en nogal dolerend)- maar waaroor het julle werklik getreur. Dit is die Gereformeerde kerk Pretoria.... maar dan volg daar so baie dinge wat ons gedink het ons is dit nie. Waarin, ons ons voor die Here wou regverdig, terwyl dit eintlik die dinge is waaroor ons ons voor die Here moet beskaam.

Pretoria- 8 Augustus 2010

Maar die Here kan ook vandag dit soos oor Jerusalem uitgeroep- *Dit is Jerusalem*, wat nou kan lees- dit is die GKSA- Die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Daar is baie voorbeelde wat ek sou kon noem waarin ek werklik glo die Here oor hierdie kerkverband treur. Ja, die Here treur ook oor gemeentegrense heen, oor kerk grense heen, want die kern van sulke hartseer lê juis in wat die kern van die saak is. Kerkverband wat veronderstel dat verband altyd met verbond saamval. Die verbond maak dat daar verband kan wees. En dit het alles met God se verbond te make, wat ook kerke aan mekaar bind. Wat het ons as kerke met daardie verbinding van God begin maak?! Ons maak soos Jerusalem met die verbond van God, dit word opgemors. Dit word gedink elkeen kan maar maak wat hy wil, elkeen kan maar doen soos in die Rigter tyd, wat hy/sy dink in sy eie oë goed is, dit het hulle gedoen. Hulle het hulle aan die verband nie gesteur nie, maar eintlik steur jy jou dan nie aan die verbond nie. Was dit nie vir die verbond nie, dan sou Jesus se dood nie kon betaal nie, was dit nie vir Jesus se bloed wat ons as kerke aanmekaar bind nie, dan was kerkverband nie so 'n ernstige saak nie.

\*\*\*

Nou besef ons wat is die dinge wat ons moet bind. Dit is niks anders as wat in Jerusalem die binding moes wees nie. Gehoorsaamheid aan die Woord wat beteken gehoorsaamheid aan Christus. Die een band wat kerke onderling met mekaar moet en kan beleef is die één Koningskap van Christus. As daar na Christus nie geluister word nie, Hy praat deur één Woord, Hy is die Woord. As ons nie luister nie en dit geld vir elke Gereformeerde kerk in hierdie land, dan is dit nie 'n geval van die verband kan wegval nie, née dan het dit klaar weggeval. Dan moet dit vinnig weer gesoek word soos wat daar na die Koninkryk van God gesoek moet word. Ware kerkverband waar dit om die verbond gaan word in die hemel geskep. Die werklikheid hiervan kan en moet ons op die aarde beleef. As dit nie waar is nie, dan is daar groot fout. En ons besef klaar daar is groot fout. Ons doleer oor as ons hoor- Dit is die GKSA, maar die volgende keer se preek opskrif in die volgende hoofstuk van Esegïel kan wees- Nie die dolerende profeet nie, maar die uitbundige, die jubelende profeet. Daarna die begeerde profeet en dan in hfst. 8 die grawende profeet.

Dolering is vir ons 'n werklikheid, maar ons begeerte, ons grawe in hierdie saak, ja ons blydschap in die Here mag nie deur dinge oorskadu word, waaroor ons dalk doleer, maar die Here doleer nie daaroor nie. Dit is wel baie belangrik om presies vas te stel, om net te doleer oor die dinge waaroor die Here doleer. Anders is ons met kerk politiek besig, dit waarvan Jerusalem by sy tempel vol van was en was Jerusalem, die sentrum nie meer met koninkrykswerk besig nie! *Dit is Jerusalem...Ek het dit onder die nasies gestel en die lande is daar rondomheen...*

AMEN